

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAINS SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2017/01/19	2017/01/18		2016/01/09		2016/12/19		2016/01/18		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
DJIA-index	19805	-22.05 ↓	-0.1%	19827 ↓	-0.8%	19964 ↓	-0.2%	19843 ↑	23.9%	15988
Goud (Spot)	1202.64	-12.23 ↓	-1.0%	1214.87 ↑	2.4%	1174.90 ↑	5.6%	1139.05 ↑	10.5%	1088.11
Brent \$/vat	54.38	-1.28 ↓	-2.3%	55.66 ↓	-4.4%	56.88 ↓	-2.2%	55.59 ↑	87.5%	29.00
1 € / US\$	1.0637	-0.006 ↓	-0.5%	1.0693 ↑	1.1%	1.0525 ↑	1.7%	1.0458 ↓	-2.2%	1.0878
1 US\$ / ZAR	13.59	0.020 ↑	0.1%	13.57 ↓	-1.2%	13.76 ↓	-3.1%	14.02 ↓	-19.1%	16.80
Corn	R 1,952.79	8 ↑	0.4%	R 1,944.57	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day					
Wheat	R 2,152.19	-7 ↓	-0.3%	R 2,158.99	*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day					
Soybeans	R 5,367.98	48 ↑	0.9%	R 5,320.19	*CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Dec 17	365.00	1.00 ↑	0.3%	364.00 ↑	2%	358.00 ↑	3%	356.00 ↓	-8%	398.50
Wheat Dec 17	431.00	-2.00 ↓	-0.5%	433.00 ↑	2%	423.00 ↑	5%	409.00 ↓	-21%	543.75
Soybeans Nov 17	1075.00	8.00 ↑	0.7%	1067.00 ↑	9%	986.00 ↑	4%	1036.00 ↑	21%	889.00
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)										
SORGHUM Jul '17	3220.00	0.00 ↑	0.0%	3220.00 ↓	-2.4%	3300.00 ↓	-2.4%	3300.00 ↓	-9.3%	3550
WMAZ Spot	3415.00	40.00 ↑	1.2%	3375.00 ↓	-3.8%	3551.00 ↓	-17.6%	4142.00 ↓	-33.3%	5120
WMAZ Mar 17	3322.00	-37.00 ↓	-1.1%	3359.00 ↓	-3.6%	3447.00 ↓	-12.5%	3795.00 ↓	-30.8%	4800
WMAZ Jul 17	2315.00	-15.00 ↓	-0.6%	2330.00 ↓	-5.2%	2441.00 ↓	-18.8%	2850.00 ↓	-38.8%	3780
YMAZ Spot	3263.00	61.00 ↑	1.9%	3202.00 ↓	-1.9%	3325.00 ↓	-2.1%	3332.00 ↓	-21.0%	4130
YMAZ Mar 17	3163.00	46.00 ↑	1.5%	3117.00 ↓	-2.0%	3226.00 ↓	-2.5%	3244.00 ↓	-19.8%	3945
YMAZ Jul 17	2348.00	-20.00 ↓	-0.8%	2368.00 ↓	-3.2%	2425.00 ↓	-13.1%	2701.00 ↓	-35.8%	3660
SOY Spot	6595.00	85.00 ↑	1.3%	6510.00 ↑	4.7%	6300.00 ↑	0.5%	6565.00 ↓	-13.2%	7600
SOY May 17	6090.00	45.00 ↑	0.7%	6045.00 ↑	4.5%	5830.00 ↓	-0.7%	6130.00 ↓	-10.4%	6800
SUN Spot	5485.00	-15.00 ↓	-0.3%	5500.00 ↑	0.1%	5480.00 ↓	-7.4%	5925.00 ↓	-27.9%	7610
SUN May 17	5590.00	15.00 ↑	0.3%	5575.00 ↓	-0.9%	5639.00 ↓	-6.8%	6000.00 ↓	-23.7%	7326
WHEAT Spot	3935.00	-10.00 ↓	-0.3%	3945.00 ↓	-0.6%	3958.00 ↓	-0.2%	3944.00 ↓	-20.1%	4924
WHEAT May 17	4101.00	-4.00 ↓	-0.1%	4105.00 ↑	0.6%	4078.00 ↓	-1.2%	4152.00 ↓	-19.0%	5060
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										
<p>Markoorsig: Die rand verhandel teen redelik dieselfde vlakke as gister-middag 12:00 met 0.1% swakker. Die dollar het gister weer versterk teenoor meeste van die ander geldeenheede nadat dit vroeër verswak het na die nuutverkose Amerikaanse president Donald Trump se opmerkings dat die Amerikaanse dollar "te sterk" is. Die rand verhandel vanoggend teen R13.59/\$. Die nuutste inflasiesyfers wat gister deur Statistiek SA bekend gestel is, toon die VPI op 6.8% vir Desember 2016 wat 0.2% hoër is as November 2016 se inflasiekoers. Die voedsel en nie-alkoholiese inflasiesyfer is op 11.7% jaar op jaar in Desember op vanaf die 11.6% in November. Die Brent ru olie het gedaal tot net onder die \$55/vat merk. Die skaliages ontginning in die VSA plaas ook druk op die OPEL lande se hoop om ondersteuning aan die pryse te bied met die voorgestelde daling in uitsel. Volgens die EIA verslag wat Dinsdag vrygestel is, behoort olieproduksie van 7-groot Amerikaanse skalie produsente na verwagting te styg met 41 000 vate per dag in Februarie vanaf Januarie met 41 000 vate per dag in Februarie wat druk op die Brent ru oliepryse plaas.</p> <p>Mielies: Die VSA mieliepryse het gister 'n paar sent laer afgesluit in die twee voorste kontrakte. Die Maart pryse verhandel steeds net 'n paar sent onder die tegniee weerstandsvlak van die 200 dag bewegende gemiddeld naby aan \$3.70/skepsel. Die stroop van mielies begin eersdaags in Argentinië en Brasilië wat die uitvoervraag effens weg van die VSA markte behoort te skuif. Die markte hou die weer in die Argentynse markte steeds dop, alhoewel die verwagte groot produksies in Brasilië die verliese effens kan uitkanselleer. Die oormaat reën veroorsaak vloede in Argentinië wat groot probleme veroorsaak, maar daar word droeër weer vir die komende week voorspel. Mielies in die ander internasionale markte het gemeng verhandel met die Chinese mark wat hoofsaaklik sterker verhandel het, terwyl die Europese mark onveranderd gesluit het.</p> <p>Plaaslik: Die plaaslike pryse het gister gemeng verhandel. Wit- en geelmiliepryse het van die verliese van Dinsdag opgemaak. Die weeklikse SAGIS produsente leweringsyfers toon WM lewerings op 4 021 ton en die totale lewerings vir die seisoen is 2 911 564 ton. Die YM lewerings vir die week was 6 532 ton en die totaal vir die seisoen is 3 515 123 ton.</p> <p>Sojabone: Die VSA sojabone het gister effens hoër afgesluit en vind steeds ondersteuning deur die ongunstige weeromstandighede in Argentinië en die onsekerhede oor wat daar met die oes gaan gebeur. Die Argentynse produksie word verwoed oor heelwat laer te wees hierdie seisoen as gevolg van ongunstige weeromstandighede wat oor groot gedeeltes van die land voorkom. Hierdie ongunstige weeromstandighede strek vanaf te nat omstandighede in sommige gebiede tot te droë omstandighede in ander gebiede. Daar is baie gemengde gevoelens oor wat die moontlike Argentynse produksie gaan wees en sommige analiste is van mening dat dit rondom die 50 miljoen ton gaan wees tot en met die USDA wat dit op 57 miljoen ton skat. Die sterker Amerikaanse dollar het die pryse in die VSA effens onder druk gehou, met die sterker dollar wat die VSA minder aantreklik maak as 'n uitvoerbestemming. Die verwagtinge is ook dat die Brasiliaanse produksie groot gedeeltes van die verliese in die Argentynse produksie behoort uit te kanselleer, met Brasilië wat 'n rekord geskatte oes van ± 104 miljoen ton behoort te hê. Die goeie produksievooruitsigte in Brasilië is hoofsaaklik as gevolg van gunstige weeromstandighede wat oor groot gedeeltes van Brasilië voorgekom het gedurende die groeiseisoen. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het gister hoofsaaklik sterker verhandel en het hoër afgesluit vir meeste van die kontrakmaande. Die plaaslike pryse vind goeie ondersteuning by die internasionale mark wat sterker verhandel. Die gaping tussen die plaaslike prys en die afgeleide sojaboonprys het verklein met die afgeleide prys wat goeie ondersteuning gevind het en nader aan die plaaslike pryse verhandel het.</p> <p>Koring: Die Amerikaanse koringmark het gemeng verhandel met die sagte rooi winterkoring wat effens laer gesluit het terwyl die harde rooi winterkoring en ook die lengte koring sterker afgesluit het. Die Kansas HRW pryse het die week teen die hoogste vlakke sedert Junie 2016 verhandel nadat die USDA se verslag van verlede week getoon het dat die aanplantings van koring met meer as die verwagtinge gedaal het. Die weervoorsigte in die VSA voorspel reën oor die volgende paar dae in die Hoë pleine, asook in die Mid-Weste waar daar koring geproduseer word. Die weeklikse uitvoer inspeksies sluit 'n tender van Taiwan af in wat Vrydag bekend gemaak gaan word en dan is daar ook 'n Japannese tender vir Amerikaanse of Kanadese koring wat later vandag bekend gemaak word. Die hoof fokus in die internasionale koringmarkte behoort tans op die weer in die VSA te wees. Tans is daar nie baie ander nuus in die internasionale koringmarkte nie. Daar word reën verwag in die sentrale pleine later die week terwyl die 6 – 10 dag voorspelling droeër weer in die Suidelike pleine voorspel. Plaaslik: Die plaaslike koringpryse het gister aanvanklik skerp afwaarts verhandel, maar het later weer van die verliese opgemaak en het slegs met klein hoeveelhede afwaarts gesluit. Die verhandeling in die koringmark het gister weer stadig plaasgevind met die verhandelingsvolumes wat weer laag was gister.</p>										
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Michelle Mokone & Luan Van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / Luan@grainsa.co.za</p>										